Tema: Wees gereed vir Jesus se koms deur jou geloofsekerheid in Hom alleen te vind.

Welkom
Gebed van meelewing van families van Hester Schutte en Elma Cook

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 514: 1, 2
Lied 486:1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 1-6: 1, 2, 3
Votum
Seën
Loflied: Sb 12-6: 1, 2, 3, 4, 5
Geloofsbelydenis: HK Sondag 11, vr. 29 en 30

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Sing Sb 12-4: 1, 2, 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 24: 32 – 44
Lukas 23: 39 - 43
1 Johannes 5: 1 - 13
Teksverse: 1 Johannes 5: 11 - 13
Sing: Sb 14-4: 1, 2, 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Sing Lied 292: 1
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons staan aan die begin van nog ŉ nuwe jaar en daar word baie gepraat oor alles wat 2019 vir ons inhou. Op persoonlike vlak is daar voornemens, planne en nuwe dinge wat aan gedink word en wat moet gebeur. Ons skoolkinders en studente is opgewonde oor wat die nuwe skool en of skooljaar inhou! By die werk word gepraat oor alles wat die jaar bereik moet word. Politieke kommentators spekuleer elke dag oor wat in 2019 op ons in Suid-Afrika wag.

Maar geliefdes, daar is ŉ belangriker vraag wat ons moet vra oor 2019.
Gaan ons die einde van 2019 sien? Wie weet of ek en jy more nog gaan leef? Gaan my planne en drome realiseer? Brs en srs, die skielike afsterwe van sr Hester Schutte en sr Elma Cook het die nuwe jaar vir my persoonlik op ŉ heel ander plek laat begin. ŉ Plek waar ek gewonder het of ek die dag van more gaan sien? En as die Here my vandag kom haal is ek gereed om Hom te sien?

Die Here Jesus waarsku ons op verskeie plekke in die Woord om gereed te wees vir sy onverwagse Wederkoms. Sy terugkeer wanneer daar skeiding gaan wees tussen geloof en ongeloof! Twee mense staan op die land - een word geneem, een bly agter! Twee mense lê saam op ŉ bed – een word geneem en een bly agter! Die skeiding tussen geloof en ongeloof sien ons reeds aan die kruise weerskante van Jesus tussen twee rowers! Albei goddeloos en tog word een gered!

Hoe kan ek gered word? Hoe kan ek seker wees dat ek saamgeneem gaan word? Geliefdes, dit is baie belangriker as alles wat 2019 vir ons inhou! Dit is die eerste vraag wat ons moet kan beantwoord: Is jy gereed? Nie vir 2019 nie, maar vir die koms van Jesus Christus! Vir wanneer Hy jou kom haal!

Daar is maar net een manier om gereed te wees en dit is ook die tema van die boodskap vanmore: Wees gereed vir Jesus se koms deur jou geloofsekerheid in Hom alleen te vind!

Dis die wonderlike nuus wat Johannes in hf 5 vir sy lesers bring! Wie Jesus het, het die lewe! Wie Jesus nie het nie, het nie die lewe nie! Die sekerheid van ons lewe hier en na die dood lê in Christus alleen. Het jy Hom? Glo jy in Hom? Leef jy in ŉ lewende verhouding met Hom?

Brs en srs, hierdie dringende vrae is nie bedoel om ons vanmore op loop te sit met vrees en onsekerheid nie! Dit is bedoel om vir ons vaste sekerheid in ons geloof te gee! Die Here Jesus het verskeie kere en met verskillende gelykenisse sy dissipels geleer om gereed te wees vir sy koms. Want dit bly maar in die aard van ons mense om so vasgevang te raak in die gang van die lewe, in die kom en gaan van jare en die doen van dinge, dat ons dikwels perspektief verloor!

Jesus verwys ook na die tyd van Noag toe Noag die mense gewaarsku het teen die straf van God maar niemand wou luister nie. Hulle het maar doodgewoon aangegaan met die dinge van die lewe en hulle nie gesteur aan God se waarskuwing nie! En God se strafvloed het hulle oorval. Net so onverwags is die koms van Christus of dan in persoonlike terme: my en jou dood voordat Hy kom!

Die vraag is nou: wat bedoel die Here Jesus met sy opdrag: wees waaksaam en wees gereed?
Baie gelowiges dink die Here Jesus bedoel hiermee dat hulle lewe reg en volmaak moet wees. Dat hulle heeltemal volgens die gebooie van God leef en nie meer sonde doen nie! Want baie gelowiges glo dat die rede waarom hulle die ewige lewe sal ontvang is omdat hulle reg lewe! Hulle probeer regtig om volgens die wet van God te leef en gehoorsaam te wees en te doen wat reg is en daarom sal Jesus hulle kies om saam met Hom te gaan wanneer Hy weer kom!

Vir hulle beteken gereed wees: my lewe is vir God aanvaarbaar! Ek lewe reg en goed: ek lees Bybel en ek bid, ek woon eredienste gereeld by, ek gee my offergawe en ek probeer altyd om ander mense te help! Dus: my lewe is vir God aanvaarbaar! Ek lewe goed genoeg!

Geliefdes, dis nie wat Jesus bedoel met “gereed wees” nie! God kyk nie of jou lewe aanvaarbaar of goed genoeg is nie en besluit dan om jou saam te neem nie! Dis waarom die verrassende stukkie geskiedenis van die twee rowers weerskante Jesus se kruis opgeteken is. Twee manne met ’n verskriklike bose lewe! Hierdie was twee slegte mense, “skuim van die aarde” soos die spreekwoord lui! Hulle het mense doodgemaak, geroof en gesteel en ’n woeste lewe gelei! Dis waarom hulle gekruisig word! Hulle is skuldig bevind en ter dood veroordeel! En tog word een gered!

Waarom? Omdat hy sy redding ter nouer nood in Jesus gevind het! Hy het geweet sy lewe kon op geen enkele manier iets voor God tel nie, maar hy het iets verstaan van Jesus as die Redder van mense! Hy het iets begryp van die Onskuldige wat vir skuldiges sterf en betaal! Hy het begryp dat Jesus alleen sy lewe kan wees en daarom gryp hy in die laaste oomblikke van sy lewe met geloof vas aan Jesus as sy Verlosser: Here dink aan my! U alleen kan my red!
My lewe is ’n gemors, ek het verskriklike dinge gedoen en ek verdien die doodstraf! Ek het my nie aan God of sy gebod gesteur nie! Maar U kan ook vir my betaal! Red my asseblief!

Geliefde brs en srs en liewe kinders: ek en jy is niks beter as hierdie desperate rower aan die kruis nie! Ons lewe is vanweë ons sonde voor God strafbaar met die dood! Paulus bevestig dit in Romeine 3: 10 – 12 waar hy skryf: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie. [11]Daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. [12]“Almal het afgedwaal, almal het ontaard.

Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie." Dis die beskrywing van ons sondige aard en lewe en daarom is ons ook die doodstraf voor God skuldig!

Maar dan nou : die wonderlike goeie en bevrydende getuienis van God self in ons teksverse: God het ons die ewige lewe gegee en die lewe is deur sy Seun! Wie in Jesus Christus glo en jou redding in sy verlossingswerk vind, jy het die lewe! En dis wat die een rower aan die kruis besef het! Christus is my lewe! Dis wat Christus kom doen het! Om ons te kom red van hierdie sondige en doodsbestaan! Wanneer ons glo dat ons skuldig is en ons sonde besef dan soek ons na uitkom en redding! En hierdie uitkoms en redding het Jesus gebring! Dis waarom Hy aan die kruis gehang en gesterf het sodat Hy vir ons sonde kon betaal! Die onskuldige vir die rowers en moordenaars!

Br en sr en liewe kinders: om "gereed te wees vir Jesus se koms" beteken dus om te glo dat Jesus jou Verlosser is jou hoop om saam te gaan volledig op Hom te bou! Dat jy die getuienis glo wat God oor sy Seun gelewer het en dat jy in ŉ lewende verhouding met Jesus leef! Ons teksvers beskryf dit so: "Wie Jesus het, het die lewe, wie Jesus nie het nie, het nie die lewe nie! Twee rowers aan die kruis! Een gaan saam, een bly agter! Want een het geglo en vasgegryp aan Jesus as die Verlosser van sonde – die ander een nie!

Het jy vir Jesus? Dan is jy gereed! "Om vir Jesus te hê" beteken dat jy glo dat Hy jou Redder is en dat jy alleen op Hom vertrou om jou deel te maak van sy koninkryk! Dat Hy jou sal saamneem die dag as Hy weer kom!

En die wonderlike is dat God hierdie redding in Christus waarborg! Ons kan daarvan seker wees! Dis die betekenis van 1 Joh. 5: 6 – 9 wat handel oor almal wat getuig dat Jesus waarlik die Verlosser is! Dis nie sommer net die getuienis van mense nie, maar God self wat getuig dat dit waar is. Daarom kan Johannes in vers 13 sê: [13]Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo."

Dit is wat ons noem: geloofsekerheid! ŉ Vaste en sekere wete dat ek in en deur geloof in Jesus Christus gered is – al is my lewe nou nog nie volmaak nie! Brs en srs, ons kan nooit sekerheid vind in onsself of in ons eie werke nie! Dit altyd onvolmaak en daarom sal die Satan jou altyd wil oortuig dat jy nie goed genoeg is vir God nie! Hy sal jou altyd herinner aan jou fout en sonde sodat jy voel ek is nie goed genoeg nie! Hy wil jou laat twyfel!

Maar dis juis die punt: ek hoef nie goed genoeg te wees nie! Ek moet in Christus glo! En wanneer ek in hierdie lewende verhouding met Jesus as my Here leef – dan het ek die sekerheid want my saamgaan berus dan in Hom! Hy het dit vir my verwerf en gegee! En niks sal my ooit weer uit sy hand ruk nie! Jesus belowe dit vir ons in

Johannes 10: 28 “Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.” Daarvan kan en moet ek elke dag van my lewe seker wees! Dan is ek gereed vir sy koms!

Om dus te kan sê dat ek gereed is vir Jesus se koms is nie arrogant of voorbarig nie – dit is die sekerheid wat ek in Christus het! Brs en srs, wat ŉ wonderlike troos! Wat ŉ wonderlike wete waarmee ek en jy 2019 tegemoet kan gaan! Ja, al gaan ek dalk nie 31 Desember 2019 sien nie, weet ek: wanneer die Here my kom haal, sal ek na Hom toe gaan! Of dit met ŉ hartaanval op ŉ bus is, of ŉ dodelike siekte of wat ook al – ek weet ek is ŉ kind van die Here en ek weet dat ek die ewige lewe sal ontvang!

Brs en srs, natuurlik sluit hierdie geloofsekerheid nie uit dat ek nou vanuit my verhouding met Christus reg wil leef nie! Ons tekshoofstuk beklemtoon dit baie sterk in verse 1 – 5: 1 “Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is ’n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is. [2]Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. [3]Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, [4]want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. [5]Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?”

Natuurlik moet ek in antwoord op my redding die Here liefhê en sy gebooie gehoorsaam! ŉ Lewe volgens God se wil is juis die vrug van my verhouding met Christus! Omdat Hy my gered het, wil ek nou reg lewe! Ek is seker daarvan dat as die gelowiger rower daardie dag nie gesterf het nie en van die kruis afgehaal is, sou sy lewe baie anders gewees het as wat dit was! Hy sou ŉ totaal ander lewe geleef het – ŉ lewe van liefde en gehoorsaamheid!

Geloofsekerheid maak geen ware gelowige ooit selfvoldaan of gemaksugtig nie! Nee- dis is juis die krag van ons liefde en getrouheid aan die Here! Wanneer die Heilige Gees hierdie vaste getuienis van God oor Christus in ons hart vasgemaak het, dan werk Hy ook die vrug van geloof in ons lewe! Dit kom eenvoudig net – dit kan nie anders nie! Dit is soos ŉ fontein wat opborrel en oorloop!

Brs en srs, en dit is hoe Jesus ons aan die werk wil vind wanneer Hy terugkom! Die volgende gedeelte in Matteus 24 klink so: “Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie sy eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle op tyd kos te gee? [46]Dit is die slaaf vir wie sy eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy! [47]Dit verseker Ek julle: Hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit.”

Manne, vroue en kinders wat besig is om liefde te leef en besig is om hulle geloof uit te leef! Is dit ook op jou lysie vir 2019?

Geliefdes, wees dan gereed! Nie net vir 2019 nie – maar belangriker: vir Jesus se koms! Wees gereed deur jou geloofsekerheid in Hom alleen te vind.

Dan kan 2019 maar gebeur – ek is rustig en seker oor Jesus Christus, my Here!

Amen